

16 Augustus

Skrifgedeelte: Galasiërs 3:1-14

Fokusgedeelte: Galasiërs 3:1

“Deur die geloof alleen!”

Hierdie is een van die slagspreuke van die Kerkhervorming. Terselfdertyd is dit een van die grondwaarhede van die Bybel en een van die pilare waarop die Gereformeerde godsdiens gebou is. Hierteenoor staan die Roomse Kerk en vele ander kerke en gelowe. Vir hulle is goeie daede die vereiste om gered te word.

Paulus sê dat Jesus Christus en Hom as Gekruisigde so duidelik aan die Galasiërs verkondig is – hulle kon Hom as ‘t ware sien hang. Daar is immers net een van twee moontlikhede: “of Jesus is nie ‘n volkome Verlosser nie”, “of dié wat Hom met ‘n ware geloof aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is” (HK 11:30).

Die Galasiërs het dit alles geweet ... en tog het hulle begin dwaal. Die Heilige Gees het die geloof in die verlossing deur Christus alleen in hulle harte geplant. Nou egter wil dit lyk of hulle “in eie krag”, of anders gestel, deur die wet van Moses te onderhou “vrygespreek” wil word.

Die Heilige Gees het die saad van die geloof ook in ons harte geplant. Deur die Woord en die verkondiging daarvan en die gebruik van die sakramente kan ons Hom ook “as ‘t ware aan die kruis sien hang”. Het ons nie ook al begin dwaal nie, as ons:

- staatmaak op lidmaatskap van die Gereformeerde Kerke om gered te word,
- staatmaak op my voorbeeldige lewe om nagmaal te kan gebruik,
- staatmaak op gelowige voorouers, en dat ons op grond daarvan gered sal word?

Persoonlike geloof in die soenverdienste van ons Here Jesus Christus is die enigste pad na verlossing!

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 3

Ds. RJP du Plessis (Emeritus)